

Vrydag 2 April

Galasiërs 1:6-10

Fokusgedeelte: Galasiërs 1:8
(1953- of Direkte Vertaling)

Die ware evangelie verlos van die vloek, enige ander evangelie is vervloek

Paulus is verbaas omdat die Galasiërs so vinnig wegdraai na 'n ander evangelie toe. Hulle het die vryheid van die verlossing gesmaak deur die evangelie oor Jesus Christus te glo, maar word nou deur Joodse gelowiges oortuig dat dié uit die heidendom ook verplig is om Joodse wette te onderhou. So is hulle geestelike groei op 'n sypoor geplaas. Hulle sou voortaan besig bly om mense tevrede te hou, terwyl nie eers Christus die toegewyde Jode tevrede kon stel nie.

Hierdie verdraaide evangelie was vir Paulus so 'n ernstige saak dat hy hom ten sterkste daarteen uitspreek. Hy skryf: "Laat hom vervloek wees!" Hierdie "hom" sluit homself, sy medewerkers en selfs die engele hierby in. Vervloek is enigiemand met 'n ander evangelie of toevoegings tot die ware evangelie.

Vervloeking is een van die maniere waarop God die oortreding van sy wet straf, terwyl gehoorsaamheid weer seën inhou (Lev. 26). Maar omdat alle mense die wet oortree en dus onder die vloek van God is, het Hy bepaal dat sy eniggebore Seun 'n vloek gemaak sou word om ons daarvan te verlos (Gal. 3:13). Ons verlossing impliseer 'n totale vertroue in Christus en nie in onself nie.

Verdraaide evangelies wil ons laat glo dat ons, deur sekere dinge te doen, onder die vloek kan uitkom. Die verkondigers van sulke dwalings is dikwels self nog nie verlos nie en self steeds onder die vloek van God se wet. Daarom beveel Paulus: "Laat hom 'n vervloeking wees." Ander is wel verlos, maar omdat hulle vergiftig is met die verkeerde leringe, pla hulle gewetes met skuldgevoelens. Hulle voel nooit goed genoeg nie. Diesulkes bly altyd soekend, elke nuwe godsdiensgier word beproef om vrede met God te probeer bewerkstellig. Christus het alles wat nodig is reeds gedoen. Gewortel in hierdie wete, kan ons geestelik groei sonder om te stagneer.

Sing: Psalm 40-1:1, 2, 5

Ds. GA Venter (Regardt) (Krokodilrivier/Brits)